

CACHET APTEEK

U Plus Aptek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
 Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

INTERVARSITY-UITGAWE

die **WAPAD**

IN U LIG SIEN ONS DIE LIG

ASPU


AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.

PUKKEI

Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:

Johan Claassen Broers

Massavergadering verloop emosioneel



● 'n Deel van die 1500 studente wat die massavergadering bygewoon het.

IN 'n persverklaring wat deur die SSR uitgereik is, kom die pasafgelope en veelbesproke massavergadering onder die soeklig. Die vergadering het verloop in 'n baie emosionele gees. Die vinnige verloop en die handhawing van ordemosies wat tot die aanvaarding van ondeurdagte mosies gelei het, staaf ook verder die voorafgaande.

In lyn met een van die mosies wat ervaar is, verklaar die SSR-lede van die PU wat betrokke is by Polstu, dat die standpunte wat hulle gehuldig het tydens die ASB-kongres en in Polstu, persoonlike menings is. In ooreenstemming met hierdie mosie verklaar hierdie SSR-lede ook dat dit binne hulle goeie reg was om hierdie standpunte in te neem.

'n Ander mosie wat aangegaan is, was dat die vergadering die betrokke SSR-lede versoek om hulle te weerhou van enige verdere uitsprake, politiek of andersins, wat die PU se naam mag benadeel.

Hierdie mosie is aangeneem, hoewel die vergadering kennis daarvan gedra het dat 'n mosie tydens die vorige SSR-vergadering aanvaar is, wat die reg van individuele SSR-lede om aan organisasies soos Polstu deel te neem, erken.

Sommige studente is om hulle menings oor die vergadering gevra. Gert van Rensburg, 'n tweedejaarsstudent, meen die vergadering was nie verteenwoordigend nie. "Die vergadering was heeltemal eensydig — dit was nie 'n massavergadering nie, maar 'n massaprotes. Die mense is vooraf opgesteek en te veel oningeligtes is deur een van die partye uitgebuit.

'n Derdejaarinwoner van Liberalia het gesê: "Die feit dat die vergadering deur eerstejaars gereël is, laat die vraag ontstaan of hulle nie misbruik word deur ander mense wat hulle werk in die duister wil hou nie. Ek wonder ook of die optrede van die massa tydens die vergadering nie juis 'n swakker beeld van die PU skep as die SSR-optrede nie."

Volgens een van die organiseerders was die vergadering baie suksesvol. "Polstu het vooraf inligtingsvergaderings by die meeste van die koshuise gehou en die vrae is nie voldoende beantwoord nie. Daar was dus nog 'n behoefte aan 'n massavergadering.

Na my mening moes die vergadering na die aanvaarding van die eerste mosie verdaag gewees het, want toe is sy doel bereik." Die vergadering was een van die grootstes wat nog ooit op die PU gehou is en is bygewoon deur ongeveer 1500 studente.

Bond van Oud-Pukke het al 3000 lede

DIE Bond van Oud-Pukke is op 8 Maart 1980 begin en het reeds byna 3000 lede. As 'n mens dink hoeveel oud-Pukke daar in Suid-Afrika is, lê daar nog baie werk voor.

Begin dus by jouself. Word lid van die Bond van Oud-Pukke. As jy 'n graad het, kan jy al lid word. As jy finalejaar is, moet jy eenvoudig lid word! In ruil vir die R2 ledegeld (vir die res van jou lewe) kry jy:

- die PU-Kaner gratis, waar jy ookal bly;
- deel aan en kennis van alle projekte wat die BOND aanpak soos bv. die onlangse treintoer na Nelspruit en die Kruger-wildtuin
- afslag op oorsese toere, saam met studente (die Plat-saktoer) en op somerskole by die PU.
- ander byvoordele waaraan die sekretariaat van die BOND op die oomblik nog werk.

Dansmosie

'n Mosie waarin die SSR met teleurstelling kennis neem van die besluit van die Raad van die PU dat die status quo ten opsigte van dans gehandhaaf word is onlangs aangeneem. Die voorsteller was mnr Josef Krüger.

Die SSR is verder van mening dat daar genoeg gronde aan die Raad voorgelê is om wel 'n toewyding te maak en spreek hulle weereens ten gunste van goedgeorganiseerde dans op die Kampus uitspreek alhoewel die SSR hom aan die besluit van die Raad onderwerp.


GAAN DIÉ MANNE 1977 SE SEGETOG HERHAAL?



Cobus van Wyk (Loskakel)



George Moorcroft (Skrumskakel)



Nick Nortjé (Voorry)



Dolf Jonker (Voorry)



Anton Fick (Haker)



Theuns Botha (Flank)



André Markgraaff: Kaptein (Slot)



Boland Pienaar (Heelagter)



Wessel van der Merwe (Linkervleuel)



Zillen Roos (Senter)



Herman Kleynhans (Senter)



Alan Kolesky (Regtervleuel)



Nico Tromp (Slot)



Casper Troskie (Flank)



Peter Conchar (Agsteman)



James Stoffberg (Afrigter)



Dirk de Vos (Afrigter)

Skiet vir Wapadpos

Persone wat belangstel in 'n pos op die nuwe redaksie van Die Wapad moet onverwylde aansoek doen.

Die beskikbare poste en ander inligting verskyn op bladsy 3.

Beeldende Kunste

Letterkunde

Musiek

Teater

PU-Koor troon uit

— Sarel Pieterse —



● Die Potchefstroomse Universiteitskoor onder leiding van Awie van Wyk het tydens die afgelope Kuesta Kunsfees besonder goed gevaar.

DIE PU-Koor is tydens die Kuesta-Kunsfees '80 deur groot koorkenners en kritici as een van die beste kore wat deelgeneem het, bestempel. Die Koorfees het deel uitgemaak van die Kunsfees wat op 8 en 9 Augustus op die kampus van die Universiteit van Pretoria plaasgevind het. Ander kore wat deelgeneem het, was die universiteitskore van RAU, Pretoria, Bloemfontein,

die Ambassadeurskoor van die Pretoriaanse Onderwyskollege en die Wellingtonse Hugonotekollege.

Tydens die koorfees het elk van die ses kore die geleentheid gehad om 'n program van dertig minute voor 'n gehoor en drie uitgelese koorbeoordelaars te lewer. Proff. Pieter de Villiers, Gawie Cillie en mnr. Dirkie de Villiers was die beoordeelaars.

Die PU-Koor onder leiding van Awie van

Wyk, is luid toegejuig. Prof. Gawie Cillie het die koor geloof vir die skitterende musikale toonkwaliteit en die meesterlike wyse waarop Awie van Wyk die koor hanteer het. Die koor het deurgaans getoon dat hulle hul inleef in die musiek en so doende die gehoor meegesleur het om die musiek intens te ervaar. Daar is ook met bewondering na André Howard se optrede as solis verwys.

Die program van die PU-Koor het nuwe Afrikaanse komposisies van Pieter van der Westhuizen en Awie van Wyk ingesluit wat beide vir die gehoor en die beoordeelaars 'n aangename verrassing was. Die res van die program het bestaan uit ligte Afrikaanse volkswysies en onder andere "Jennifer's Rabbit" van Paxton, waarin André Howard as solis opgetree het.

Op Saterdag 9 Augustus is 'n gesamentlike konsert deur die ses kore in die gehoorsaal van UNISA gehou, waartydens elke koor 'n program van tien minute koor aanbied. Die PU-Koor is luidkeels toegejuig en het ná die applous nog twee addisionele sangnommers gelewer.

Die kore het gesamentlik in 'n massakoore opgetree met dr. Gräbe van Pretoria as koorleier. Die aand is afgesluit met toekennings aan die weners van die Kuesta-Kunsfees. André Howard het die prys ontvang as beste solis.

Mary-Ann van Rensburg skryf in Die Beeld van 12 Augustus 1980 die volgende van die PU-Koor: "My keuse (vir die wenkoor) sou op twee kore gesamentlik val wat ek kop aan kop eerste sou plaas, naamlik die van die Potchefstroomse Universiteit onder leiding van Awie van Wyk en die Randse Afrikaanse Universiteit onder leiding van Chris Swanepoel".

Die Hemeltuin

— J.P. Smuts —

Spaar 'n sent vir die student

7 1/2 sent uit elke tien liter brandstof word geskenk aan die Sentrale Studenteraad



**Gooi nou in by
Harold's Volkswagen**

Kerkstraat 220, Potchefstroom. Tel. 4261

'n Resensie van „Die hemeltuin" van Karel Schoeman deur J.P. Smuts word in twee afleverings in die Wapad geplaas. Vandeesweek verskyn die eerste gedeelte van die resensie.

KAREL SCHOEMAN het gedurende die afgelope vyftien jaar getoon dat hy een van ons produktiefste prosaskrywers is. In werk na werk bevestig hy die wesens-trekke van sy skrywers-aard. Dit gaan vir hom telkens om die skugtere en eensame buitestaanderfiguur, om persone wat kortstondige raakpunte vind en daarna hul afgeslotenheid sterker as ooit ervaar. Oomblikke van kontak tussen mens en mens word maklik en onherroeplik verbreek, dikwels deur die tussenkoms van 'n nuwe karakter wat die delikate balans tussen hulle versteur.

Oor Schoeman se werk hang daar meestal 'n triestigheid, 'n weëigheid, is daar 'n kyk na landskappe en mense op 'n loom en trae wyse; bly jy jou bewus van die ewig verspeelde kanse in die lewens van mense en ook volkere. Dis dikwels 'n literatuur oor

kenteringsoomblikke in die geskiedenis van individue en groepe, al besef hulle dit nouliks op daardie tydstip.

Schoeman se jongste roman, *Die hemeltuin*, sit die reeds bekende patroon van sy vroeëre werke voort. Basies is dit die verslag van 'n Suid-Afrikaanse Oxford-student, Nikolaas, se besoek gedurende die somervakansie van 1937 saam met 'n universiteitsvriend, Robert Chalmers, aan dié se ouerhuis op die Engelse platteland. Hierdie kerngedeelte van die roman, wat amper twee derdes van die verteltyd beslaan, word omraam deur twee korter episodes: 'n herontmoeting veertig jaar later tussen Nikolaas en Gerda, 'n Duitse meisie wat ook 'n gedeelte van die vakansie saam op die landgoed deurgebring het, 'n paar maande na dié vakansie. Die geheel word, soos dikwels by Schoeman, aangebied uit die beperkte perspektief van die sentraal ervarende persoon, hier Nikolaas.

Die funksie van die eerste deel wat later in die tyd lê, is duidelik: dit aktiveer die uitgebreide terugflits wat die tweede deel van die roman vorm, die hele groot herinnering wat deur die ervarende hoofpersoon opgeroep

word, en dit bring ook 'n sirkelbeweging in die werk wat die leser aan die slot terug dwing na die eerste afdeling. In dié sluitstuk weer, is daar 'n nuwe "konfrontasie" tussen Nikolaas en Gerda (wat weer 'n parallel vorm met die ontmoeting tussen Nikolaas en Prudence in die openingstoneel) wanneer dié twee volkome uiteenlopende figure, as buitelanders hulle buitestaanderskap opnuut ervaar en daarmee 'n sentrale gedagte in die roman herbevestig.

Waar die eerste en laaste dele elk uit 'n ontmoeting bestaan, word die middeldeel opgebou uit 'n reeks kort gedeeltes met afwisseling tussen gespreke en insident. Die gespreke staan, soos meermale by Schoeman, sentraal, en weer eens is dit die hooffiguur as buitestaander wat betrek word in gesprekke waartydens die ander karakters in hom probeer inboor in 'n poging om hom dieper te probeer verken, en hy weinig prysgee. In van die belangrikste gesprekke — dié wat Nikolaas voer met mnr. Chalmers, Robert en Gerda — word die kenteringsidee na vore gebring, dié besef van 'n "herfstijder Middeleeuwen", van 'n nabloei sonder die belofte van 'n nuwe begin.

Karnaval '81 is aan die gebeur

Raukies in hof

DIE aanranding op 'n RAU-student, mnr Knoke, op 18 November verlede jaar, het onlangs tot 'n opspraakwekkende hofspraak geleidel. Ses RAU-studente word daarvoor verantwoordelik gehou.

Mnr. Knoke, nou 'n onderwyser aan die Hoërskool Linden, het getuig dat hy die rede vir die aanranding sien in die feit dat hy die studente wat 'n party by die rektor, dr. Gerrit Viljoen, se huis gehou het, verklaar het.

Die party is gehou kort nadat dr. Viljoen as administrateur-generaal van Suidwes aangestel is. 'n Paar studente onder beheer van mnr. S. Bezuidenhout het die huis opgepas.

Mnr. Christoph Müller, huidige primarius van Afslaan, meen egter dat mnr. Knoke homself op 'n huisver-

gadering ongewild kon gemaak het.

Die Swart Hand het ook ter sprake gekom. Die organisasie in Afslaan tree op wanneer 'n inwoner van die koshuis homself ongewild maak deur die koshuisnaam te benadeel of die koshuisgees skade berokken. Mnr. Müller het daarop geantwoord dat lede van die Swart Hand dus wel vir die aanranding verantwoordelik kon wees.

Erekleure toegeken

AKADEMIESE Erekleure is op Woensdag 13 Augustus vir die eerste keer aan die PU toegeken.

Die toekennings is terugwerkend vanaf 1975 toegeken en 350

Pukke op kassie

Twee studente van die PU het aan 'n TV vasvra program "Waar is ons?" deelgeneem. Deon Meyer en Anne van Collier se kennis omtrent Suid-Afrika, kultureel en geskiedkundig is getoets en hulle het hulle opponente oortuigend verslaan. Hulle is albei derdejaarstudente met Geskiedenis as een van hulle hoofvakke.

mense het gekwalifiseer. Ongeveer 120 persone het Woensdag die toekenning ontvang.

Jan-Louis du Plooy het die oorhandigings gedoen en die funksie is afgesluit met 'n kaas-en-wyndinee.

Uitdagings aan chemiese ingenieurs

WAAR persoonlike navorsing in die verlede beperk was tot proses-evaluering, vloeistofdinamika, rekenaarsimulasie en katalisatore, word deeglik navorsing in die vervaardiging van brandstof nou aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Onderwys gedoen.

In sy intrede as hoogleraar in die departement Ingenieurschemie aan die Universiteit, het prof. R.C. Everson gepraat oor die plek van die chemiese ingenieur as navorser in Suid-Afrika.

Hy het voorspel dat Suid-Afrika teen 1990 onafhanklik van die invoer van ru-olie sal wees. Dit stel hoë uitdagings aan die navorser op die gebied van die verskaffing van brandstof en petrochemikalie, het hy gesê.

Prof. Everson het verder gewys op die verskille tussen die buiteland en Suid-Afrika met betrekking tot vervaardigingsdoelwitte en dat die bepaling van die doelwitte juis die chemiese ingenieur se verantwoordelikheid is.

Prof. Raymond Cecil Everson is op Springs gebore en het aan die Hoërskool Middelburg, Transvaal, gematrikuleer. Hy het vier jaar lank in 'n Anorganiese Chemiese Laboratorium van 'n goudmyn in Springs en in Johannesburg gewerk. Terselfdertyd het hy aan die Witwatersrandse Tegniese Kollege gestudeer en in 1960 die Sertifikaat van Bevoegdheid in Essaïering verwerf.

In 1963 het hy die graad B.Sc. (Chemiese Ingenieurswese) aan die Uni-

versiteit van die Witwatersrand behaal. Die grade M.Sc. en Ph.D. het hy onderskeidelik in 1966 en 1968 aan die Universiteit van Natal verwerf.

Prof. Everson is in 1966 as lektor in die departement Chemiese Ingenieurswese aan die Universiteit van Natal in Durban aangestel en was sedertdien lid van verskeie navorsingspanne aan buitelandse universiteite, onder meer in Skotland, Pisa in Italië en Pennsylvania in die VSA.

Hy is sedert Julie 1979 Hoof van die departement Ingenieurschemie aan die PU vir CHO waar hy aan die spits staan van navorsing in veral die vervaardiging van vloeibare brandstof met finansiële steun van onder meer die WNNR, Sasol en die Johnson Matthey Navorsingsentrum.

Prof. Everson is getroud en het drie seuns.

Karnaval '81 is aan die gebeur

Hierdie is die laaste uitgawe deur die huidige redaksie. Die nuwe redaksie se eerste uitgawe verskyn op Vrydag 12 September.

Aansoeke

KNIP UIT EN POS VOOR 25 AUGUSTUS IN BUSSIE 13 AGTER DIE INLIGTINGSBURO IN DIE STUDENTESENTRUM:

NAAM:

ADRES:

TELEFOON:

EK STEL BELANG IN DIE VOLGENDE POS/POSTE: (Merk asb. met kruisie)

- Administratief:
Sekretarieel
Penningmeester (Finansies)
Advertensies (Werwing, persklaarmaak ens.)
Argief (Berigte en fotos)
Verspreiding
- Nuusinsameling (Redakteurs, Seniorverslaggewers, en verslaggewersposte)
Algemene nuus
Kuns
Sport
Joernaalblad
Diepteartikel
Sosiale/Koshuisnuus
Interuniversitêre beriggewing
Fotografie
Sportprente
- Subredaksie
Nasien van berigte
Bladuitleg
KWALIFIKASIES: (Kursus en

jaar)

VORIGE ONDERVINDING:

HIER'S 'N BANK WAT ANDERS DINK OOR JONGMENSE.



Kom ons praat reguit. As nugtere bankmense wat maar altyd sekuriteitsbewus is, het ons vaagweg aan die jeug gedink as die leiers van môre.

Maar dit het verander. Want die jeug het verander... altans, die Suid-Afrikaanse jeug.

Ons jongmense het die uitdaging van 'n vyandige wêreld aanvaar en hulle is die mense wat op haas elke terrein die boonste sport bereik.

Op die sportveld, op akademiese gebied, die handel, in die vervaardigingswêreld, op landbougebied... maar bowenal op die grens waar ons land en sy mense verdedig word.

Ons by Volkskas glo dat ons moet luister na die probleem van enige jongmens wat by ons instap.

Ons weet vandag se jeug is môre se leiers en ons wil ons deel doen om hulle daar te kry - kom bespreek u geldprobleme met ons.

BANK SUID-AFRIKAANS

Volkskas



(Geregistreerde Handelsbank)
BANK 045176



PU-beeld

Dit is belangrik dat studente hulle politiese beleid stel en standpunt daarvoor inneem. Hulle het immers 'n plig en rol in hierdie verband in die nabye toekoms. 'n Mens moenie vergeet dat politiese beskouings nie die samebindende faktor tussen studente is nie, en daarom mag dit nooit die studentelewe domineer nie. Dit is beter om 'n verskeidenheid van standpunte op die SSR weerspieël te sien: soos dit in die gewone lewe ook aangetref word.

Met die massavergadering van 12 Augustus was dit duidelik dat 'n paar opstokers die massa misbruik het as 'n veilige loopgraaf vanwaar hulle hul lafhartige optrede kon loods. Hulle wat ander se openbare optrede wil kritiseer, ken duidelik nie eers die basiese beginsels van selfbeheersing nie. Die emosionele trant van die byeenkoms het die waarde daarvan verlaag. Wanneer 'n saak 'n mens na aan die hart lê, spandeer jy die moeite om daarvoor te besin en jou standpunt op 'n beskaafde wyse te motiveer. Die emosies van 'n volwassene oorheers nie sy rede nie.

Weens die ondeurdagte en impulsiewe optrede van die massa het die byeenkoms sy doel gemis. 'n Paar meegevoerdes het die massa gebruik om hulle emosionele sienings te stel. Kan die mening van mense wat nie eers in die openbaar selfdisipline aan die dag lê nie, as dié van die Puk-massa geld? Moet selfverkose leiers nou die Puk-student verteenwoordig in 'n saak wat uiteraard van mens tot mens sal verskil?

Dit was duidelik dat die meeste studente nie teen Polstu as sodanig gekant is nie. Waarom dan die hipersensitiwiteit? Wanneer die kampusgeskiedenis van die selfaangewese leiers in ag geneem word, wonder mens in watter mate persoonlike griewe 'n rol gespeel het. Elkeen weet dat SSR-lede nie die politiese belange van die studente verteenwoordig nie — dit is tog onmoontlik.

Die vraag is nou of die PU-beeld deur hierdie massavergadering in ere herstel of enigins bevorder is.

Uit die Hoord

MATTHEUS 27:46

"MY GOD, MY GOD, WAAROM HET U MY VERLAAT?"

Hoe kan Jesus dit vra? Hy weet alles, niks is vir Hom vreemd nie. Hy ken tog sy lydensweg van stap tot stap en ook die doel van sy lyde. Hy het geweet dat God se toorn oor Hom gekom het, terwyl van ons sondes.

In hierdie "waaroms" in Jesus se mond, sien ons hoedat sy menslike natuur na vore kom. Want as Seun van die mens ondergaan Hy die swaarste lyding denkbaar. Hy is van God verlaat. Hy hang aan 'n kruis, tussen hemel en aarde. Die Godverlatenheid sien ons ook in die drie-uur duisternis wat oor die aarde gekom het.

Hy ervaar geen Vaderliefde nie. Maar alleen toorn en helse smart. Die toorn van God oor ons sondes breek ten volle oor Hom los. Hy dra die volle straf vir ons sondes.

God het Hom gestel in ons plek. Hy ondergaan die lyde as ons Borg.

Sy "waarom" vind plaas in ons plek. Omdat ons God verlaat het, het ons verdien dat God ons verlaat en Hom ewig vir ons verberg. Maar in ons plek gaan Jesus die Godverlatenheid in, en roep Hy "waarom".

Hoe dikwels vra ons nie, "waarom", nie? As ons swaarkry, as ons siek is, of by die graf van 'n dierbare. Hoe dikwels is ons nie ongeduldig teenoor God in ons "waarom" nie. Onthou, in Christus is ons "waaroms" beantwoord. Die "waarom" van ewige Godverlatenheid het Hy vir ons en in ons plek gevra.


Sy "waarom" is vir ons 'n verlossingswoord. Sy "waarom" is 'n heilige, sondelose "waarom". Hy roep dit nie uit in die begin van sy lyde nie, maar aan die einde.

Jesus Christus bly aan sy Vader vashou. Hy sê: "My God, My God." Dit is geen wanhoopskreet nie, maar 'n roep in vertroue op God alleen. As Hy hierdie woorde uitroep is die verlatenheid verby. Dan skyn die lig weer en gaan Jesus die Paradys tegemoet.

Christus is verlaat sodat God ons nooit sal verlaat nie. Hy het die helse smart en ang, die donkerheid en Godverlatenheid, die gemis aan Vaderliefde deurgemaak, sodat daar vir ons ewig vreugde, lig en liefde sal wees.

God het sy eie Seun verlaat sodat ons ewig by Hom kan wees. As ons "waaroms" nog aanhou, moet dit ons beskaam en bedroef. Dan moet ons ons voor God veroortmoedig en om vergiffenis vra. Maar ook glo dat Christus met sy heilige, verlossende "waarom" aan die kruis ons skuld bedek het.

Dan mag ons "waarom" slegs wees in verbasing en verwondering oor God se verlossing, ook vir my. Ja, in my plek het Christus uitgeroep: "My God, My God, waarom het U my verlaat."



● Laaste in reeks

Afrika in die 1980's

Cobus Visser

DIE laaste voordrag in die Afrika-reeks, soos aangebied deur die Sentrum vir Internasionale Politiek, in medewerking met die Instituut vir Afrikanistiek, is verlede Woensdagaand (13 Augustus) afgehandel. Die voordrag is gelewer deur mnr. F R Metrowich, 'n bekende outoriteit op die gebied van Afrika-aangeleenthede. Mnr Metrowich het hom hoofsaaklik bepaal by 'n vooruitskouing ten opsigte van Afrika in hierdie dekade in sy voordrag getitel Africa's International Perspectives in the 1980's.

Ter wille van perspektief het mnr Metrowich kortliks verwys na Afrika se verlede en ook na Afrika se huidige bande met die res van die wêreld. Hy het ook daarop gewys dat daar veral gelet behoort te word op die toenemende belangrike rol wat lande soos Japan, die Chinese Volksrepubliek, Kuba en Brasilië in die onmiddellike en verdere toekoms in Afrika gaan speel.

Dit is behalwe die huidige belangegroep soos Noord-Amerika, Wes-Europa, die Kommunistiese blok, ens.

AFRIKA EN DIE ARABIËRE

Meer in die besonder het hy ingegaan op Afrika se internasionale betrekkinge met die Arabiese wêreld in die tagtigerjare. Hy reken dat dit selfs belangriker gaan wees as Afro-Asiatiese betrekkinge. Die grootste rede hiervoor is die feit dat die Afrika-lande, nadat hulle alle bande met Israel verbreek het (na 1973) en sodoende die Arabiere se kant gekies het, spoedig tot die besef gedwing is dat hul ook maar die huidige hoë olieprys moet betaal — iets wat hulle wankelmoedige ekonomie nie kan dra nie. Van die Arabiere se beloofde ekonomiese hulp deur middel van 'n bank vir ekonomiese ontwikkeling, het daar ook nie veel meer gerealiseer as 'n gemiddelde bydrae van R66 miljoen per jaar sedert 1977 nie.

Laasjaar se bedrag was 'n eina R49 miljoen. (Die Arabiere het in totaal R1 500 miljoen beloof).

Interessant genoeg is daar meer Arabiere binne Afrika as daar buite. Die realiteit van 'n moontlike skeuring in Afro-Arabiese betrekkinge en meer in die besonder tussen Ara-

biese en Swart Afrika is dan in hierdie dekade ook nie uitgesluit nie.

AFRIKA EN DIE KOMMUNISTIESE BLOK

Alhoewel daar in die verlede nie veel sprake was van werklike neutraliteit tussen Wes en Oos nie, en Afrika inderwaarheid meer na die Kommuniste se kant oorgehel het, voel mnr. Metrowich dat Afrika in hierdie dekade dalk nader kan beweeg aan werklike neutraliteit of onverbondenheid.

Die grootste rede hiervoor is die feit dat die Kommunistiese lande wat in Afrika betrokke is, ook nie daarin kon slaag om iets aan die lewenstandaarde en ekonomiese probleme van Afrika te doen nie.

Dit doen egter nie afbreuk aan die rol wat Kommunisme wel in Afrika speel of gaan speel nie. In die verband is die belangrik om daarop te let dat die Kremlin nie daarin belangstel om die hele Afrika onder sy beheer te kry nie, bloot vanweë die feit dat hy nie so iets sal kan beheer nie. Hulle stel eerder belang in strategiese punte in Afrika. Die huidige gebrek aan werklike satellietstate in Afrika is dus geensins 'n probleem vir hulle huidige strategiese oogmerke nie.

Die lande in Afrika waar daar wel 'n sterk Kommunistiese invloed is, soos Angola, Mosambiek, Ethiopië, Kongo, Benin en Madagaskar, is almal baie strategies geleë dwarsoor Afrika en bied die nodige afspringplek vir verdere indringing. Dit blyk ook duidelik uit die onthullings van 'n gewese konsultant van die Politburo van die Kommunistiese Party van die Sowjet-Unie, dr. Igor Glagolev. Sy onthullings omvat onder andere 'n plan van aksie teen Suid-Afrika en die grootskaalse verskeping van wapentuig na Angola en Mosambiek vir 'n inval in Suid-Afrika.

Behalwe Kuba en Oos-Duitsland wat saam met Rusland in Afrika betrokke is, is daar boonop ook nog Sjina wat hoop om 'n vastrapplek in Afrika te bekom.

Volgens mnr Metrowich is daar dan ook geen rede om onbekommerd te wees ten opsigte van die Kommuniste se bedoelings met Afrika in die 1980's nie.

AFRIKA EN AMERIKA

Amerikaanse betrokkenheid in Afrika en betrekkinge met Afrika-lande anders as Liberië, dateer nie veel verder terug as die vyftigerjare van hierdie eeu nie. Sedert 1961 het Amerika egter 'n toenemende belangrike rol in Afrika gespeel.

Alhoewel Amerikaanse betrekkinge met Afrika ook gekenmerk was deur terugslae, het Amerika steeds 'n groot invloed in Afrika.

Volgens Mnr. Metrowich is daar 'n groeiende konserwatisme in Amerika en selfs sonder 'n Reagan-oorwinning kan verwag word dat Amerika se houding jeens Afrika meer realisties en ten opsigte van Suid-Afrika meer sober as in die verlede sal wees. Dramatiese veranderinge in Amerikaanse beleid ten opsigte van Afrika kan egter nie verwag word nie.

AFRIKA EN WES-EUROPA

Ten spyte van al die geluide wat Afrika sedert die begin van dekolonisering jeens Wes-Europa laat hoor het en steeds laat hoor, bly laasgenoemde die belangrikste enkele vreemde invloed in Afrika.

Wes-Europa se invloed in Afrika is hoofsaaklik gebou op handelsbelange en enorme hoeveelhede geldelike hulp.

Daar kan verwag word dat Afrika in 'n toenemende mate sy natuurlike hulpbronne as 'n politieke magsmiddel gaan aanwend — soos in die geval van Nigerië.

Dan is daar natuurlik ook Afrika se nuwe aspirasies om toe te sien dat rykdom beter oor die hele wêreld versprei moet word.

SUID-AFRIKA EN DIE RES VAN AFRIKA

Volgens mnr. Metrowich is daar vir ons slegs een weg oop en dit is ons bewese beleid van vriendskap teenoor ons bure en geen inmenging in die sake van ander; maar 'n gereedheid om agressie teen ons gepleeg by die bron uit te wis.

Suid-Afrika se voedsel-uitvoere na die res van Afrika kan 'n belangrike rol speel.

Die ontplooiing van Suid-Afrika se huidige binnelandse beleid kan ook bydra tot groter begrip en dit kan lei tot groter sukses vir ons buitelandse beleid in Afrika en elders.

Suid-Afrika onvergelykbaar met Zimbabwe

DIE toestande in Suid-Afrika kan glad nie met dié van Zimbabwe vergelyk word nie. So sê mnr. Rowan Cronje, wat minister in die Smith-kabinet was en tans lid van Zimbabwe se parlement.

Hy het Donderdag 14 Augustus as gasspreker by 'n vergadering van Kon-

takpolitiek opgetree. Mnr. Cronje het begin deur te sê dat niks wat hy sê met die doel is om te vergelyk met Suid-Afrikaanse politiek nie.

Mnr. Cronje het gesê die terroriste-oorlog wat ongeveer 1958 in Zimbabwe begin het, was 'n suiwer Marxistiese aanslag op die Suide van Afrika. Die terrorisme wat 80% politiek en 20% militêr was,

het finaal geëindig met die Mugaberegering.

Mnr. Cronje sê alhoewel die uiteinde in Zimbabwe nie aan sy ideaal beantwoord nie, is daar vir hom geen rede om die land te verlaat nie. Mugabe het na sy mening die verkiesing gewen, omdat die swartman moeg daarvoor was om die lydende party in die oorlog te wees. Met Robert Mugabe as premier het hulle vrede in die toekoms gesien.

Daar was heelwat meriete in die swartman se stemmotief, want Robert Mugabe sê in sy eerste televisie-verskyning die volgende: "Die oorlog is verlede en die twis is verby; van geweerlope moet ons nou ploegskare smee."

Mnr. Cronje sê die Mugabe-regering besef die waarde van die blanke inwoners in Zimbabwe en neem dus nie 'n antagonistiese houding teenoor die blankes in nie. Mnr. Mugabe, wat 'n regering vol uiterstes het, handhaaf 'n gematigde houding teenoor beide Marxistiese Afrika en kapitalistiese Suid-Afrika.

Op 'n vraag of 'n Mugabe-Nkomo-konflik in die lug hang, het mnr. Cronje geantwoord dat dit baie onwaarskynlik is.



'n Potchefstroomse sake-man met 'n garage op die Bult, mnr. Kurt Link, het onlangs 'n skenking van meer as R500 aan die Alabama Studentegeselskap van die PU vir CHO oorhandig. Op die foto is die regisseur van Alabama, mnr. Jans Jonker, mnr. Link en die voorsitter van die Studentegeselskap, mnr. Kobus Petzer. Mnr. Link van Bult Garage het met die oorhandiging gesê

Skenking aan Alabama

hy beskou sy jaarlikse skenking aan die Alabama as 'n blyk van waardering vir die Puk-studente se ondersteuning van sy besigheid. Die Alabamas maak vir hom pragtige musiek en as 'n amateurgroep dink

hy het hulle geen gelyke nie. Mnr. Link sê baie meer plaaslike besighede behoort die Studentegeselskap te „beloon” vir die pragtige beeld wat hulle van die Universiteit en van Potchefstroom uitdra. Hy het nog nie die 1980 Revue van die Alabamas gesien nie, maar in 1979 het hy twee keer gegaan. Dié groep tree in September vyf aande in Potchefstroom op. (Foto: Potch Herald).

SSR — verkiesing

SOOS dit reeds bekend is word die SSR-verkiesing wat op Donderdag 21 Augustus gehou sou word, uitgestel na Dinsdag 26 Augustus.

Die Groot Sweet vind Maandag 20 Augustus om 19h00 in die Totiusaal plaas.

Die verkiesing vind op Dinsdag 26 Augustus in die Groot Sitkamer in die Studentesentrum plaas. Die stembusse open 07h00 en sluit 19h30. Die uitslae sal teen ongeveer 21h00 in die Amfiteater bekendgemaak word.

Die verkiesing moes uitgestel word omdat die Verkiezingsbylae van die Wapad nie, soos die grondwet vereis, betyds verskyn het nie. Die drukkers het tegniese probleme ondervind en kon dit nie betyds lewer nie.

Die SSR het besluit om die verkiesing te verskuif omdat dit andersins onredelik teenoor die kandidate sou wees. Met die uitstel poog die SSR om kandidate voor die tyd goed bekend te stel en hulle so 'n gelyke kans te bied.



● Prof. C.P. van der Walt, mnr. Rowan Cronje en

Douw Breedt in gesprek tydens mnr. Cronje se besoek

aan die Universiteit.

Rektor lê die tuig neer

PROFESSOR S.P. Olivier lê na 21 jaar die tuig as rektor van die Universiteit Durban-Westville neer.

Baie water het in die see geloop sedert prof. Olivier se aankoms met die stigting van die Universiteit in 1961. Die studente moes toe nog van veerbote gebruik maak om by hul klasse in die bouvallige vlootbarakke uit te kom. Vandag bestaan die universiteit uit 'n spoggebou-kompleks met 'n uitsig oor die uitgestrekte heuwels en 'n studentetal wat van honderd tot meer as vyfduisend gegroei het.

Ondanks die struikelblokke het prof. Olivier nog nooit 'n enkele oomblik spyt gehad oor sy rektorskap nie. "Die plaaslike Indiërgemeenskap was baie goed vir ons ge-wees, maar op 'n paar gebiede was daar wel probleme. Daar was vyandiggesinde lede van die gemeenskap wat teen die stelsel gekant was. Hulle het die Universiteit en vir my as skyf gesien en ons aanhoudend probeer aanval. Hierdie groep is tydens die onlangse boikotte duidelik uitgeken.

Omdat die Universiteit in 'n baie kwesbare situasie was terwyl hy politiek beoordeel en veroordeel is, was dit 'n moeilike taak om die waarheid altyd te laat seëvier."

Prof. Olivier sê in die werk wat hy aan die universiteit gedoen het, beskou hy homself as 'n begunstigde met geleenthede wat min mense beskore was.

Die Transvaler, 15 Augustus.

Fisikus, Chemikus of Ingenieur

Die snelgroeiende halfgeleiertegnologie — 'n werkerrein van internasionale belang — bied 'n wye verskeidenheid interessante ontwikkelings- en navorsingsmoontlikhede.

Die Nasionale Navorsingsinstituut vir Elektriese Ingenieurswese van die WNNR het ver gevorder op die gebied van die mikro-elektronika en het reeds belangrike en unieke bydraes ten opsigte van halfgeleiertegnologie gelewer. Die gevorderde toerusting en moderne fasiliteite by die WNNR skep aangename en stimulerende werksomstandighede wat bevorderlik is vir tegnologiese ontwikkeling en navorsing en die toepassing van die jongste ontwikkelings.

Die Instituut bied die volgende loopbaangeleenthede:

1. Navorsing in halfgeleiertegnologie.
2. Prosesingenieurswese met betrekking tot die produksie van geïntegreerde stroombane, en om nuwe prosesse in werking te stel en te optimaliseer.
3. Kwaliteitsbeheer om 'n wye verskeidenheid toetse en kontroles in alle prosesstadia te implementeer.

Vereistes:

Navorsers

Minstens B.Sc. (Honneurs) met fisika, chemie of elektronika as hoofvak, of 'n toepaslike ingenieursgraad.

Tegniese Beamptes

B.Sc. met vakke soos dié hierbo genoem.

Produksiebeamptes

NDT, verkieslik met ondervinding in nywerheidschemie.

Tegnici

Persone met tegniese kwalifikasies tussen st. 10

en NDT, of toepaslike ervaring na st. 10, of 'n gedeeltelik voltooide graad.

Ons bied:

- ★ Volledige opleiding waar nodig.
- ★ 'n Mededingende salaris wat ooreenkomstig kwalifikasies en ondervinding bepaal sal word.
- ★ Uitstekende bevorderingsmoontlikhede

Navorsers

tot R20 400

Tegniese Beamptes

tot R17 520

Produksiebeamptes

tot R1 520

Tegnici

tot R14 220

Ons byvoordele is aantreklik — onder meer 35 tot 39 dae verlof per jaar (plus die tyd tussen Kersfees en Nuwejaar), vyfdaagse werkweek, pensioenskema, geldelike steun vir verdere studie, 'n busdiens tussen bepaalde woongebiede en Scientia, mediese hulpfonds, behuisingssubsidie waar van toepassing, groepsversekering, asook 'n jaarlikse diensbonus gelyk aan 'n maand se salaris.

Rig aansoeke op die voorgeskrewe vorm aan DIE DIREKTEUR, NASIONALE NAVORSINGSINSTITUUT VIR ELEKTRIESE INGENIEURSWESE, WNNR, POSBUS 395, PRETORIA, 0001, en meld die betrokke verwysingsnommer.

Telefoniese navrae: Pretoria 86-9211 x 3031.

Sluitingsdatum: 31 Julie 1980.

(Verw. 80/540/192)

Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR)



"Uit die Woord" bemoedigend

GEAGTE REDAKTEUR

Na aanleiding van Sê-maar-net se skrywe in Die Wapad (1980/08/08), wil ek ook maar-net-sê dat die gedeelte, "Uit die Woord", vir my nog altyd bemoedigend, inspirerend en sielsverkwikkend was.

Dit laat my die woorde onthou van 'n lied wat lui: O, bring my die tyding dikwels want ek vergeet so

gou...

Bring my dieselfde tyding wat my kan versterk as wêreldsin en sonde in my verslapping werk.

Laastens 'n vriendelike versoek dat Sê-maar-net asseblief sal aanhou met die lees van "Uit die Woord". Dit neem in werklikheid so min van sy/haar tyd in beslag, en wie weet — op die regte dag is dit miskien net die nodige woorde ter bemoediging of vertroosting.

OUER GARDE

Klippe ken misnoë

GEAGTE REDAKTEUR,

Alle Pukke veroordeel Swartes en Kleurlinge wat met klippe hul misnoë te kenne gee, maar nou wonder ek wat sê hulle van mede-Pukke wat met eiers gooi. Hulle veroordeel ook Swartes en Kleurlinge wat teen gesag, hetsy die fabriekswese of die regering, in opstand kom, maar het hulle al daaraan gedink dat die SSR die leiers van die kampus is?

Hulle verweer is dat daar darem 'n verskil is. Daarmee stem ek saam — daar is 'n groot verskil tussen klippe en eiers. Klippe kan miskien groter skade aanrig as eiers, maar as daar met eiers gegooi word is dit 'n vermorsing van kos. Hulle sal ook sê dat die Pukke rede het om teen lede van die SSR in opstand te kom, maar het hulle al daaraan gedink dat die Swartes en Kleurlinge ook meen dat hulle rede het om in opstand te kom teen gesag?

Daar word so maklik op die argument: ander bevolkingsgroepe is nog nie op dieselfde beskawingspeil as die Blanke nie — teruggeval. Nou vra ek hierdie mense — dink hulle werklik die gedrag van mede-studente Dinsdagaand op die massavergadering was 'n toonbeeld van beskaaftheid en 'n hoë ontwikkelingspeil?

MSC

Oulike koppies vir sleeptyd

en ta le ander aardigheidjies om 'n eerstejaar se kamer interessant te maak. Rakke vol van die oulikste goed om 'n dierbare maat se hart bly te maak. Net langs die INSLEEP-KAFEE.

Insleep

-geskenkwinkel

Gift Shop

70MSTRAAT 100

TELEFOON 2-1033

guys & dolls

vat dit kop toe!



Kom ons stel jou voor aan 'n nuwe dimensie in haar-golwing: UNI-PERM met pH-balans! Dit lyk nes natuurlike krulle! Geen kroes-en-knoop bossiekop nie! Nog goeie nuus van Guys & Dolls is lae, lae pryse net vir studente! Wees 'n IN-ding! Bly voor met die jongste haarmodes! Altyd tot u vriendelike diens! Die uwe,

GUYS & DOLLS, Tomstr. 82, tel. 8071.

Massavergadering smeer swart

DIE REDAKTEUR

Dinsdagaand 12 Augustus is 'n massavergadering gehou om sekere griewe van die Puk-massa te bespreek. Die inisiatief in die aanvera van hierdie vergadering is deur twee eerstejaars geneem.

As een van die redes vir die algemene ontevredenheid op die kampus is aangevoer dat die standpunt-inname deur sekere SSR-lede (waarvan ek een is) op die ASB-Kongres en ook hulle betrokkenheid by Polstu, die PU sogenaamd swak publisiteit besorg het. Dis ironies dat die studente op die massavergadering wie se sterkste argumente 'n lawaai en eiergooiery was, die PU oneindig meer skade gedoen het as wat die verantwoordelike (en verantwoordelike) politieke uitsprake van Polstu-lede ooit kan doen!

Die massavergadering het aan die begin van die vergadering 'n orde-reëling getref dat daar aan die einde van die vergadering 'n persverklaring deur die SSR en persone deur die vergadering aangewys, uitgereik sou word met die strekking dat die meerderheid van die Puk-massa dit distansieer van Polstu. Die vergadering is egter doelbewus op onordelike wyse uiteen sonder dat bogenoemde ordereëling vorm aange-neem het. Die essensie waarvoor die massavergadering bymekaar geroep is, het dus jammerlik misluk. Die meerderheid studente het na die massavergadering gekom met die doel om hulle hande van Polstu te was, en in die proses het hulle nie net hulleself nie, maar ook die PU, pikswart gesmeer!

Die Polstu-lede het die week wat die massavergadering voorafgegaan het verskeie koshuise (op uitnodiging) besoek, en daar hulle standpunt gestel. Op elkeen van daardie vergaderings het hulle argument vir argument wat teen hulle geopper is, weerlê. Is dit om hierdie rede dat Bert Sorgdrager, Barend Kirsten en hulle lakeie nie bereid was om op die massavergadering met die Polstu-lede in argument te tree nie —

omdat dit makliker is om iemand dood te skreeu indien jy vir sy saak bang is?

Is dit nie ironies dat mnr. Bert Sorgdrager, wat so hartroerend in Die Wapad van 23 Mei 1980 gepleit het dat mens ook 'n ander party se saak moet aanhoor (die audi et alteram partem-reël), juis die persoon was wat dit deur 'n ordereëling onmoontlik gemaak het dat enige standpunte van Polstu se kant af, gestel word.

Ek, soos die meerderheid Pukke, distansieer my van die barbaarse optrede van lafaards wat met eiers gooi en lasterlike aanmerkings maak terwyl hulle in 'n groep is. Ek distansieer my verder van die verrigtinge en ook van enige mosie wat op hierdie massavergadering aangeneem is, omdat beide die goeie naam van die PU tot oneer strek.

Die massavergadering het bo alles aan die Polstu-lede die omvang van hulle taak onderstreep. Ons glo in ons saak, en ons is oortuig van ons saak. Ek leen by prof. Willie Esterhuyse: "Die saak waarvan ons oortuig is, is kort en bondig: ons wil in hierdie land vreedsaam met ander volke voortbestaan, voortbestaan in geregtigheid". JOSEF KRÜGER

UIT
NO.
13

Borgskap is onttrek

GEAGTE REDAKTEUR

Waarom moet daar in die laaste Koshuis-Sportraadnotule staan dat 'n bekende Potchefstroomse motorhawe hul borgskap van R1 000 onttrek het weens die gebrek aan brandstof?

aankope deur die koshuise?

In 1979 het slegs vier manskoshuise en een dameskoshuis die bepaalde bedrag per inwoner by dié betrokke motorhawe ingegooi. Gelukkig is die R1 000 prysgeld steeds uitbetaal.

Vanjaar het dié motorhawe egter reeds die prys onttrek, omdat daar nog talle mans- en veral dameskoshuise is wat nog nie een enkele sent se brandstof ingegooi het nie? Daar is ook 'n reeks byvoordele wat dié motorhawe die studente wat daar brandstof ingooi, bied, soos 'n gratis vaksensie, motorwas, geld vir die SSR, ens.

Ek vra weer: waarom werk sekere koshuise op die PU juis teen die PU? Hulle

weet wie hulle is.

Julle het juisself, en die Puk-sport, en veral die paar koshuise wat hierdie projek wel met groot moeite aangepak het, van die prysgeld ontnem.

Die Koshuis-Sportraad is tans besig om in samewerking met die motorhawe vas te stel wie hierdie parasietkoshuis is!

Baie dankie aan die koshuise wat wel wou saamwerk.

DANIE MALAN

(Brief verkort. Die naam van die motorhawe is vanweë advertensievoorwaardes weggelaat. Die redaksie glo egter dat elke Puk-student sal weet van watter motorhawe geskryf word. — Red.)

Massa is opgesweep

GEAGTE REDAKTEUR,

Dit is met weemoed dat ek myself na Woensdagaand se massaver-gadering moes afvra Was dit werklik die Pukke gewees?

Ek wil dit eerstens duidelik stel dat ek dit nie het teen die meriete van die saak waarvoor die massavergadering aangevra is nie. Waarteen ek dit wel het, is die wyse waarop die massa opgesweep is (of altans, so lyk dit!) om sekere onsinnige besluite te neem wat enige mens wat 'n oomblik sou nadink, nie sou neem nie, maar dit lyk vir my sommige Puk-studente (die massa?) wil nie meer vir hulself dink nie, maar verkies eerder

om gerieflik agter die massa te skuil (Ek hoop ek is verkeerd!).

Verder is die basiese beginsel agter 'n vlieënde eier/lemoen vir my dieselfde as die basiese beginsel agter 'n vlieënde klip. Miskien is dit groot "sports" vir die persoon/e wat hulle daaraan skuldig gemaak het, maar as dit, tesame met 'n groot geskreeu en armgeswaai, die enigste wyse is waarop die Pukke deesdae hulle standpunte kan stel en na ander se standpunte kan luister, dink ek daar is groot rede tot kommer.

Dit is die goeie reg van elke student om, hetsy op 'n massavergadering of andersins, sy standpunte te stel. Maar dan moet hy dit beslis op 'n verantwoordelike en ordelike wyse doen. BEKOMMERD

Kulu hou modeparade



● Kulu het Maandag 11 Augustus 'n interne modeparade aangebied. Foschini het klere beskikbaar gestel vir die geleentheid. Die jongste somermodes is vertoon en "snaaksighede" het vorendag gekom.

MODEL-SKOENWINKEL — CHECKERS-SENTRUM en SKOENSENTRUM — KERKSTRAAT

Vir die jongste modes in skoene




OIP-105113



• "Drink 'n leeu en voel tevrede." Dit was 'n wysheid wat kwytygeraak is tydens 'n bierfees tussen Caput en Kasteel.




• Tydens Vergeet-my-nie se sewende verjaarsdag het sommige dames hulle as seerowers voorgedoen. 'n Tafelkompetisie het plaasgevind en 'n embleem is onthul.



• Liberalia en Kulu het Donderdag 14 Augustus 'n "pap en tik" braaivleis gehou.

ALABAMA

9 - 13 SEPTEMBER



SÊ DIT
MET 'N LIED

-bukana boekwinkel
(checkers)
besprekings:

-inligtingsburo
(pukke)



INTERVARSITY : 22 en 23 Augustus 1980 : BLOEMFONTEIN

Reëlings ten opsigte van verblyf, deelname, reis en etes vir deelnemende spanne en koshuise.

TYE	SPANNE	LOKALE/VELDE/ENS.	ETES EN VERBLYF
VRYPDAG	22 Augustus 1980		
13h30	Tennis: Mans Eerstespan Mans Tweedespan Dames Eerstespan Dames Tweedespan	Bane 19, 20, 23 en 24 Bane 11, 12, 17 en 18 Bane 13, 14, 21 en 22 Bane 9, 10, 15 en 16	Olienhout Olienhout Roosmaryn Roosmaryn
18h30	Gimnastiek: Mans Dames	Callie Humansaal Callie Humansaal	Reitz Roosmaryn
19h00	Muurbal: Mans Eerstespan Dames Eerstespan Dames Tweedespan Mans Tweedespan	Bane 1 en 2, Stud/sen Bane 1 en 2, Stud/sen Baan 3, Studente/sen Baan 4, Studente/sen	Maselspoort Maselspoort Maselspoort Maselspoort
	Koshuise: Mans Eerstespan Mans Tweedespan Mans Derdespan Dames Eerstespan Dames Tweedespan	Baan 5, Studente/sen Baan A, Ou-Bane Baan C, Ou-Bane Baan B, Ou-Bane Baan D, Ou-Bane	Maselspoort Maselspoort Maselspoort Maselspoort Maselspoort
19h00	Pluimbal: Mans Dames	Studentesentrum Studentesentrum	Kiepersol Welwitschia
19h00	Tafeltennis: Mans Dames	Studentesentrum Studentesentrum	Karee Akasia
19h00	Skerm: Mans Dames	Studentesentrum Studentesentrum	Vishuis Kestell
19h00	Gewigoptel	Kragoefenlokaal Callie Humansaal	De Wet
19h30	Judo: Mans	Callie Humansaal	Hertzog
20h30	Stoei	Callie Humansaal	Malherbe
20h30	Karaté: Mans Dames	Callie Humansaal Callie Humansaal	Verwoerd Steyn

SATERDAG	23 Augustus 1980		
08h00	* Gholf	Bloemfontein G/Klub	Hertzog (Ontbyt)
08h30	Skaak: Mans Mans	Skaaklokaal C. Humans	Olienhout Malherbe
08h30	* Kano: Dames * Scuba: Mans Dames * Pistoolskiet	Maselspoort Rusfonteinadam Spitskop	Hobhouse De Wet Welwitschia Kiepersol

HOKKIE	Hokkieskop		Spiritskop		Kiepersol	
TYE	SPANNE		LOKALE/VELDE/ENS.		ETES EN VERBLYF	
08h30	UQVS III	vs PU III	* A-veld			Roosmaryn
	Akasia	vs PU IV	* B-veld			Akasia
	Idahlia	vs Wanda II	— C-veld			Kestell
	Steyn	vs Kasteel	— D-veld			Steyn
	Soetdoring	vs Klawerhof	* Oud-Studente A-veld			Soetdorings
	Sonnedou	vs Vergeet-my-nie 2	* Oud-Studente B-veld			Akasia
09h30	UQVS I	vs PU I	* A-veld			Van der Merwe
	UQVS Mans II	vs PU Mans II	* B-veld			Olienhout
	Hobhouse	vs Kulu	— C-veld			Hobhouse
	Kestell	vs Oosterhof	— D-veld			Kestell
	Welwitschia-UQVS	vs Wanda	* Oud-Studente A-veld			Welwitschia
	Wag-'n-Bietjie UQVS	vs Vergeet-my-nie 1	* Oud-Studente B-veld			Wag-'n-Bietjie
10h30	UQVS II	vs PU II	* A-veld			Hobhouse
	UQVS Mans I	vs PU Mans I	* B-veld			Olienhout
	Van der Merwe	vs Karlien	— C-veld			Van der Merwe
	Vergeet-my-nie	vs Dinki	* Oud-Studente A-veld			Vergeet-my-nie
	Madelief	vs Heide	* Oud-Studente B-veld			Madelief

NETBAL (Nuwe Sportterrein)			
08h45	UOVS O/20 B Vergeet-my-nie 2 Madelief 2 Akasia Wag-n-Bietjie Van der Merwe 2 Roosmaryn	vs PU O/20 B vs Karlien vs Dinki 2 vs Karlien 2 vs Oosterhof vs Wag-n-Bietjie vs Vergeet-my-nie 2	Baan 1 Baan 2 Baan 3 Baan 4 Baan 5 Baan 6 Baan 2
09h20	Kestell Soetdorings Stad Madelief UOVS O/20 A Van der Merwe Vergeet-my-nie Sonnedou	vs Heide vs Kasteel vs Dinki vs Wanda vs PU O/20 A vs Klawerhof vs Vergeet-my-nie 1	Baan 3 Baan 4 Baan 5 Baan 6 Baan 1 Baan 2 Baan 3
09h55	UOVS II UOVS I	vs PU II vs PU I	Baan 4 Baan 1 Baan 1

SOKKER			
10h15	UOVS I	vs PU I	Rugbyveld No 7
10h30	Landloop		Nuwe Sportterrein (Kom bymekaar by Krieketklubhuis)

RUGBY			
08h30	Karee II Kiepersol II Olienhout II	vs Caput II vs Amajuba II vs Dawie Dup II	Pelliespark Ou Hoofvd Nuwe Sportterrein 3 Nuwe Sportterrein 8
09h35	Karee I Reitz II Kiepersol I UOVS O/19 A Verwoerd I Heldersig II Olienhout I	vs Caput I vs Villagers II vs Over de Voor I vs Hombré II vs Klooster I vs Drakenstein II vs Dawie Dup I	Pelliespark Ou Hoofvd Nuwe Sportterrein 2 Nuwe Sportterrein 3 Nuwe Sportterrein 4 Nuwe Sportterrein 5 Nuwe Sportterrein 6 Nuwe Sportterrein 8
10h45	Vishuis I Reitz I Hertzog I Malherbe I De Wet I Heldersig I Veritas I	vs Hombré I vs PU O/20 B vs Villagers I vs Drakenstein I vs Over de Voor II vs Klooster II vs Amajuba I	Pelliespark Ou Hoofvd Nuwe Sportterrein 2 Nuwe Sportterrein 3 Nuwe Sportterrein 4 Nuwe Sportterrein 5 Nuwe Sportterrein 6 Nuwe Sportterrein 8
12h55	UOVS O/20 A	vs PU O/20 A	Vrystaatstadion
14h15	IRAWAS	vs IBBIES	Vrystaatstadion
15h40	HEILDRONKI		
16h00	UOVS I	vs PU I	Vrystaatstadion
18h00	Onthaal (Slegs eregaste en kaartjehouers)		Vrystaatstadion

23h30 Vervoer vertrek terug na Potchefstroom.



PU-afrigter rig Italianers af

OP Maandag 25 Augustus vertrek James Stoffberg en sy familie vanaf Jan Smuts lughawe na Italië vir die laaste nege maande van sy kontrak as afrigter by die rugbyklub te Rovigo in die noorde van Italië.

James is in Rovigo verantwoordelik vir alle afrigting van die klub se spanne en dan veral vir die eerstespan. Daar is nog vier ander waarmee hy ook uithelp. Gedurende 1979 het die eerste rugbyspan van Rovigo tweede

geëindig in die kampioenskappe vir klubspanne. (Dieselfde as ons Curriebekerwedstryde in Suid-Afrika). In die afgelope vyf jaar het die span reeds drie keer eerste geëindig en twee maal tweede. Verskeie van die spelers speel ook vir Italië se nasionale span.

Met sy afrigting en verblyf in Italië kom James baie in aanraking met bekende afrigters. Hy het al met manne soos Carwyn James, Roy Bisch, J.H. Evans en Dai Williams te doene ge-

had. Hulle is almal Walliese afrigters. James het ook al met Franse afrigters soos Pierre Villpreux, Julian Sabie en Polain saamgewerk.

James sal met sy vrou en kind in 'n woonstel in Rovigo tuisgaan en volgens hom sien hulle alreeds uit na hulle terugkoms na Suid-Afrika.

Namens alle Pukke wens die sportredaksie die Stoffbergs 'n aangename tydjie in Italië toe. Mag julle spekvat en gesond terugkeer na Potchefstroom.

Puk sluk Pote in, 43 — 3



● Met die Pukke se goeie hanteerwerk kan hulle die Kowsies aanstaande naweek baie opdraan-
de gee. Met manne soos Wessel van der Merve en Zillen Roos gaan die Kowsies nie naby die
Pukke se doellyn kom nie.

VAN die verwagte kwaai tweestryd tussen die Pukke en die Pote het daar Saterdag nie veel op Olënpark gekom nie. Die Pukke het gans te maklik met 43 — 3, 'n rekordtelling vir 'n wedstryd tussen die twee spanne, gewen nadat hulle met rustyd reeds die hef in die hand gehad het met 16-3.

Meestal was dit eenrigtingverkeer vir die Pukke met die Pote wat feitlik deurgaans 'n verdedigende rol moes vertolk. Strykdeur was POK onder druk terwyl die Pukke hope tyd gehad het om die bal een kant toe of ander kant toe te versprei. Die laaste twintig minute was van die POK-spelers inderdaad belangeloos en nie meer begaan oor die Pukke se deurhardloperie nie.

Wat opwindend betref was daar geen skop in die wedstryd nie. Dit was soos dop wat verslaan het. Die rede hiervoor is dat die Pukke die basiese beginsels so goed toegepas het dat hulle geen 'flair' nodig gehad het nie. Alles wat hulle gedoen het het maklik en vanselfsprekend ge-

lyk. Feit is dat hulle 'n patroon ontwikkel het wat hom as 't ware vanself op die veld ontvou met die spelers soos geprogrammeerde skaakstukke. Elkeen tree so klinies korrek op in sy rol dat die welslae voorspelbaar is. Opgevoerdheid aan die kant van die toeskouers was daar nie veel nie.

Zillen Roos se bedrieglike kurktrekkerlopië gekombineerd met vaart en kranigheid was een te veel vir die Pote in die middelveld. Hy en sy sentermaat Herman Kleynhans is elk twee keer soos 'n gedagte deur vir drieë. Op die verdediging het Roos 'n paar man ook klassiek gesmeer op die droë gras. Hy is nie net die beste senter in Wes-Transvaal nie, maar een van die beste in die land.

Pote se losvoerspelers was geen faktor nie, alhoewel hulle nog in goeie spelers kan ontwikkel. Hein Botha se afwesigheid was 'n gevoelige verlies. Daarby het skrumskakel Edgar Jones 'n baie ongelukkige dag agter die oond beleef en sy losskakel Piet Marx het nie ge-

weet waar om die bal te verag nie.

Nogtans was dit die Pukvoerspelers wat die dun ent van die wig onder die Pote ingedryf het. Hulle het die Swartetjies in die skrumme hulle knieë agteruit laat dra en in die lynstane was André Markgraaff se een hand genoeg om die bal amper klokslag Pukkant toe te kanaliseer. Sy kenmerkende tegniek om die bal met twee hande bokant die ander weg te pluk het hy teruggehou, waarskynlik vir die intervarsity van Saterdag.

Piet Conchar, die Pukke se agsteman, het verfynde spel in die los gelewer. Kantman Theuns Botha het in sy eerste wedstryd vir die Pukke se eerste span ook blink vertoon en met kragtige loopies die verdediging tot die uiterste beproef.

Passief en met arms langs die sye het die Pote geensins opgetree nie. Al het hulle 'n verloorstryd gestry het, hulle enige kans aangegryp om aan te val. Pikkie du Toit het op senter 'n paar keer goed beweeg en heelagter Jan-nie Schuute sowel as


vleuel André Esterhuizen het spreekwoordelik in die voorste linie bly veg. Voorlans was dit weer haker Eugène Bouwer wat gespeel het met 'n hart amper groter as sy gestel. As 'n span het die Pote egter nie die mas opgekom nie.

Waar die Pote uit krummels 'n maaltyd moes probeer berei het, het die Pukke kans gehad om hulle aanvalle te selekteer. Hulle kon na gelang van die omstandighede hulle besit aanwend.

Om die intervarsity te wen sal hulle egter nog beter moet doen.

Vir die Pukke het Zillen Roos (2), Herman Kleynhans (2), George Moorcroft en Piet Conchar gedruk. 'n Drie deur Theuns Botha is nie toegeken nie. Alan Kolesky was in die kol met vyf doelskoppe en 'n strafdoel en Cobus van Wyk het sy gebruiklike (twee) skepdele behaal.

Piet Marx het vir Pote met 'n verdwaalde strafdoel geslaag. (Potch Herald).



Pieter Groenewald Intervarsity Boodskap Sportraad Voorsitter:

INTERVARSITY was en is nog altyd iets waarna alle studente met 'n gees van op-

gewondenheid uitsien. Daar word nog altyd gesê jy is nog nie 'n ware PUK voor jy nie

'n Intervarsity meegemaak het nie, gryp dus dié geleentheid aan.

Kowsies, ons sien uit daarna om weer by julle te kom kuier. Ons weet julle sal ons met oop arms ontvang en ons sê al by voorbaat dankie vir julle gasvryheid.

Verlede jaar het ek reeds gesê die PU se sport is besig om uit die modder op te staan en as ek kyk na die afgelope SAU's dan is daar geen twyfel dat ons reeds daar uit is nie. Elke sportman en -vrou se sport bereik 'n hoogtepunt met dié Intervarsity. Mag julle ideale verwesenlik word en mag die beste spanne wen.

Pieter Groenewald (Voorsitter: PU-Sportraad) Sportgroete.

NETBAL: KOSHUISLIGA:

Op Saterdag 9 Augustus is die volgende koshuisliga-wedstryde afgehandel:

A-liga: Vergeet-My-Nie (16); Klawerhof (14); Wanda/Dinki (10); Kasteel (8); Heide/Karliën (5); Wag 'n Bietjie (4); Oosterhof (2);

B-liga: Karliën (11); Dinki (9); Vergeet-My-Nie/Klawerhof (8); Kulu (4); Wanda (2).

Die nuwe bestuur vir die 1981 seisoen is soos volg: Lynette Smith (voorsitter); Betty van Loggerenberg (onder-voorsitter); Elmarie Taljaard (sekretaresse); Rina Greyling (addisionele lid en penningmeester).

KOSHUISRUGBY:

OP Saterdag 16 Augustus het Klooster en Villagers teen mekaar te staan gekom en gelykop met 13 punte elk uit die stryd getree. Drakenstein het in sy wedstryd teen Hombré as die winners van die veld gedraf met 'n telling van 19 — 12.

KORTSPORT:

DAMESHOKKIE:

Op Saterdag 16 Augustus is die volgende wedstryde gespeel: PU-eerstespan vs Strathvaal (1 — 0); PU-vierdespan vs Strathvaal se tweedespan (0 — 0); PU-eerstespan vs Pote se eerstespan (1 — 2); Met dié wedstryd eindig die PU-span tweede in die Wes-Transvaalse eersteliga, net een punt agter die eerstespan van Pote. Die PU se vierdespan het ook 'n groot prestasie behaal deur vierde te eindig in die Wes-Transvaalse tweede liga. Die derde-span van die PU het dié liga gewen en skuif dus op na die eerste liga vir die 1981 seisoen. Daar word beoog om volgende jaar 5 spanne in die veld te hê.

MUURBAL: AFRIGTERS:

Gedurende die pasafgelope Junie/Julie vakansie het Jan Theunissen, Pieter Louw en mnr. Charl Meyer 'n afrigtingskursus in muurbal suksesvol bygewoon. Aldrie die mans is nou ten volle gekwalifiseerde afrigters in dié sportsoort en is beskikbaar vir hulp.